MATRIEKAFSKEIDBELEID

1. FUNKSIE

- Die funksie sal by MHS plaasvind.
- Matriekafskeid van 2023 – SLEGS ingeskrewe matrieks van MHS sal uitgenooi word na die matriekafskeid. A.g.v. groeiende getalle en praktiese reëlings sal geen ander metgeselle as MHS Gr.12-leerders toegelaat word nie.
- Matrieks wat twee of meer detensies mis, kan die matriekafskeid geweier word.
- Dit is 'n skoolfunksie, waarby daar volgens die Skolewet Afdeling 8A Paragraaf B GEEN alkohol of rook toegelaat word nie.
- GEEN privaatfotograwe sal by die funksie toegelaat word nie.

2. VOORKOMS EN SKOOLREËLS

- Vergunnings t.o.v. hare, naels, wenkbroue, wimpers, baarde sal vanaf een week voor die matriekafskeid by die skool toegelaat word.
- Alle matrikulante (dogters sowel as seuns) moet na die funksie, met die aanvang van die gr. 12-eindeksamen normale skoolreëls aangaande voorkoms volg.

3. AANKOMS EN VOERTUIE

- Die gewig van voertuie waarmee matrikulante arriveer, sal beperk word tot 3,5 ton.
- Geen swaar voertuig of voertuie wat moeilik hanteer, bv. stropers, groot trekkers, trokke, laaigrawe, weermagvoertuie of helikopters ens. sal toegelaat word nie.
- Een voertuig per paartjie of gas. Geen begeleidende voertuie of konvooie sal toegelaat word nie.